


# Die transformerende teenwoordigheid
## Jesaja 60:1-6

*Daar is donkerte oor die aarde, duisternis oor die nasies...(*Jes 60:2). Hierdie kon net sowel 'n lok-sin vir koerantverkope wees as opsomming van die status quo van óns dag.

Wanneer die profeet Jesaja hierdie uitspraak maak, bevind die volk hulle terug in Jerusalem na die Babiloniese Ballingskap. Die prentjie is inderdaad donker en mistroostend. Hulle is ontheemd – was identiteitloos in Babel waar hulle die bespotting van hulle vyande was en hier kom hulle terug na 'n verwoeste stad en moet die puinhope weer herbou. Die verlange om terug te keer Jerusalem toe en die hoopvolle prentjie wat deur Deutero-Jesaja geskets is in daardie tyd van verlange, klop nie met mekaar nie – genoeg om jou uit blote mismoedigheid te laat bly lê.

***What happens if you don't stand up? NOTHING!***

- Arnold Schwarzenegger

Niks gaan verander as hulle bly lê nie. Daarom dat die profeet hier begin met die oproep: ***Staan op!*** (Jes 60:1) – een van die belangrikste goed wanneer jou omstandig-hede jou verlam, is om te begin beweeg, om aksie te neem.

Die tweede oproep van die profeet is nóg moeliker as die eerste – hy vra eintlik die onmoontlike: *Laat jou lig skyn.* Die volk se lig is lankal uitgedoof toe hulle bykans 50/60 jaar gelede as ballinge weggevoer is, die Sionstad verwoes is, die tempel afgebreek en die Dawid-Koning onttroon is – alles tekens van God se heerskappy en teenwoordigheid. Nou terug onder Persiese bewind op hierdie verwoeste aarde 'n oproep om jou lig te laat skyn...'n ironiese oproep.

Dat die profeet hier die onmoontlike vra, is gewis. Soos hulle is, op hulle eie vasgevang binne hulle omstandighede, is dit 'n onmoontlikheid. Die profeet kom gee egter 'n duidelike kwalifikasie:

*Vir jou het die lig gekom, die magtige teenwoordigheid van die Here het vir jou lig gebring* (Jes 60:1b).

Hy benadruk dit in v 2. Binne die realiteit van donkerte *gee die Here oor jou lig, oor jou verskyn sy magtige teenwoordigheid.*

Wat die volk hier moet snap is dat die aksie van lig en lewe, die moed om op te staan, nie hier van hulle swakheid en gebrokenheid afhang nie, maar dat Gód die een is wat sy lig oor hulle laat kom. Een van die groot lesse wat hulle moes leer in die tyd van ballingskap, en spesifiek ook nou, is dat God se teenwoordigheid nie lê in die koningskap, of die Sionstad of die tempel nie. Sy teenwoordigheid is alom. Hy wil hier kom bevestig wat hy destyds aan Abraham kom belowe het – *Ek maak jou die vader, die lig vir al die nasies.*

Dan skets die profeet 'n prentjie wat op daardie oomblik glad nie sin maak vir die volk wat gehawend op die puinhope van Jerusalem sit nie:

*Nasies en konings kom na jou lig toe – na die glans van 'n nuwe dag wat vir jou aanbreek...(*v 2)

En 'n verdere oproep tot bewussyn:
*Kyk om jou rond en neem waar* (v 4a 2020-vertaling). *Kyk hoe almal van oral kom en jou met geskenke kom belaai ...*

Wat 'n aangrypende prentjie van transformasie, herstel van word wat hulle van die begin af geroep is om te wees: *Lig vir die wêreld.*

En die geheim van dit alles: dit is nie afhanklik van die omstandighede waarin die volk en wêreld hulle bevind nie. *God se teenwoordigheid* word die aantrekkingskrag.

Die profeet Saggaria tree in dieselfde tyd op. Hoor wat is sy invalshoek op die situasie – Sag 8: 23

*23 So sê die Here die Almagtige: Daardie tyd sal uit al die nasies tien man een Judeër aan die klere gryp en sê: "Ons wil met julle saamgaan, want ons het gehoor God is by julle."*

Die grootste les en ontdekking wat die volk in hulle stryd met ballingskap moes ontdek *was die heilige teenwoordigheid van God* wat nie aan tyd, plek, geboue, spesiale koningskap gebonde is nie. Én dat hulle draers van God se teenwoordigheid is is, en dat hulle ballingskap hulle opnuut roep om ander uit ballingskap te bevry.

*I can still hear Tutu say, in his pastoral visits to churches, that you and I are placed in this world of hatred, violence, anger, injustice, and oppression to help God transform it, transfigure it, and change it so that there will be compassion, laughter, joy, peace, reconciliation, fellowship, friendship, togetherness, and family, and so that black and white people would want to be together as members of one family: God's family, the human family. We are here to bring others out of exile.*

- Dr. Michael Battle

**Om oor na te dink**
Hoe sal *die teenwoordigheid van die Here* in ons huisgesin, in ons klaskamer, in my kantoor, in ons maatskappy, in ons gemeente lyk dat die mense na ons toe sal stroom, by ons wil wees?

Dink vir 'n oomblik na oor die gedagte dat ek en jy in hierdie wêreld van *donkerte* – waar daar haat, geweld, kwaad, ongeregtigheid, verdrukking, korrupsie is – geplaas is sodat God dit kan transformer en verandering kan plaasvind – deernis, vreugde, vrede, versoening, vriendskap, saamwees.